



Gebruik die kalender as 'n bestuurswaghond

Deur Rachelle Cloete

Maak gebruik van jou bestuursprogram om belangrike datums aan te teken, opvolgkennissgewings uit te stel en seker te maak dat belangrike datums en bestuursaktiwiteite nie oorgesien word nie. Die gebruik van nuwe-generasie bestuursagteware maak dit baie maklik om hierdie doelwitte op te stel en na te kom.

Jong verse kan by geboorte reeds aangeteken word en 'n epos-herinnering kan opgestel word om seker te maak dat die spesifieke dier op die ouderdom van vier tot agt maande met 'n brusellose-entstofstam (S19) geënt word. Alternatiewelik kan bykomende inentings op die ouderdom van vier tot tien maande en van 12 tot 16 maande gedoen word wanneer gebruik gemaak word van 'n entstof soos RB51.

Die RB51-inentingskediule kan ook in die maand ná kalwing gedoen word vir koeie wat aan 'n brusellose-besmette kudde of omgewing blootgestel is. Hierdie kennisgewing kan opgestel word om die opvolgdatum te vertoon of elektronies as 'n herinneringsaksie te geskied. So kan boere verseker dat die nodige aksies geneem word.

Aankoop van entstowwe

'n Verdere voordeel vir die produsent is die vermoë wat die bestuurstelsel bied om beplanning te doen met die aankoop van entstof en veeartsenymiddels vir sekere inentings, dip of behandelings wat moet plaasvind. Die produsent kan self die kennisgewing per epos outomaties aan sy plaaslike veearts laat stuur indien sy teenwoordigheid benodig word vir die aksie. Die verkoops persoon, voedingkundige, vee kundige, veearts, afslaer en voerkraal-aankoper wat die nodige produk of diens moet lewer, kan ook die epos-kennisgewing ontvang.

Die kennisgewingsfunksies kom handig te pas nader aan kalf- en lamtyd. Dragtige diere se verwagte kalf- en lamdatums kan só opgestel word in die kalenderfunksie, dat dit die produsent herinner dat die betrokke dier of diere naby kalf- of lamtyd is. Dan kan dié diere of diere wat onder toesig

From: webmaster@gmptags.co.za [mailto:webmaster@gmptags.co.za]
Sent: Thursday, August 29, 2013 9:10 AM
To: contact@gmpbasic.co.za
Cc: development@gmpbasic.co.za
Subject: GMPBasic Calendar Reminder - Faecal Egg /Parasite Collection

Calendar Date: 9/26/2013 1:26:01 PM
Action to Perform: Faecal Egg /Parasite Collection
Number of Animals: 1
Consultant: Dr Test
Comments: liverfluke

Owner Detail:

Owner Name: Mr Test
Home Phone: +27119544971
Mobile Phone: +27836435456
Email: contact@gmpbasic.co.za
Address: P.O.Box Demo Profile Isando
City: Isando
Area Code: 1752
Country: SOUTH AFRICA
Province: GAUTENG
District: VEREENIGING

Consultant Detail:

Consultant Name: Dr Test
Home Phone: +27(0)119544971
Mobile Phone: +27836435456
Email: contact@gmpbasic.co.za
Address: Vet Address
City: Test City
Area Code: 1234
Country: SOUTH AFRICA
Province: GAUTENG
District: KEMPTON PARK

moet kalf, dalk nader aan die kraal of betrokke kamp gebring word, veral wanneer lastige roofdiere in die omgewing is en die moontlikheid bestaan dat die kalf of lam dalk hul prooi kan word.

Afsprake kan ook gemaak word om die nodige reëlins te tref en met al die partye te koördineer vir die uitvoer van dragtigheidstoetse en sonarskanderings.

Jaarbeplanning

Waar die produsent 'n kudde-jaarbeplanningsprogram gebruik, kan die bestuursprogramfunksie nuttig gebruik word om aan die begin van die jaar of seisoen die doelwitte, mylpale en bestuursaksies in plek te stel. So 'n kalenderfunksie ondersteun die outomatiese epos-kennisgewing wat die stelsel uitstuur op die dag en datum wat ooreenstem met die jaarbeplanner.

Dit kan met die gerief van selfoontegnologie prakties aangewend word saam met u bestuursagteware, en epos-kennissgewings kan direk na die produsent se epos-adres en selfoonnommer gestuur word. Produsente wat nie voltyds op die plaas is nie, kan dan al die kennisgewings per epos ontvang en die nodige opvolgwerk met die plaasbestuur en kuddewagters doen.



Kontak ons vir inligting en implementering van die GMPBasic®-bestuurstelsel.
Kontak GMP Traceability by 083 263 3471 of 011 954 4971, epos support@gmpbasic.co.za.

Besoek ook ons webwerf by www.gmptags.co.za.

GMP Traceability Management Software cc – CK1998/001282/23

www.gmptags.co.za